



Verwysing: 20190830-8600
Lêernommer: 13/15/2
Navrae: C Klopper

Assesseringsbestuursminuut: 0010/2019

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Assesserings- en Eksamenkoördineerders, Vakadviseurs en Hoofde van alle opvoedkundige inrigtings wat kandidate vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen voorberei

Onderwerp: Nasientydlyne en die administrasie van die skryf van die aanvullende Algemene Asseseringstaak vir graad 12 Lewensoriëntering in 2019

1. Die Algemene Asseseringstaak (AAT) vir Lewensoriëntering (LO) is, soos uiteengesit in Assesseringsbestuursminuut: 0007/2019, op 02 September 2019 geskryf.
2. **Nasien en interne moderering van AAT vir LO**
 - 2.1 Die nasien van die AAT vir LO moet onder toesig van die prinsipaal by die skool uitgevoer word, met 'n senior onderwyser of departementshoof wat as die interne moderator optree.
 - 2.2 Waar daar meer as een onderwyser is wat LO by 'n skool onderrig, moet prinsipale seker maak dat onderwysers nie die antwoordstelle van hul eie leerders nasien nie.
 - 2.3 Ten minste tien persent van die nagesiende antwoordstelle moet deur 'n senior onderwyser of departementshoof gemodereer word.
3. **Provinsiale en distriksmoderering van leerders se antwoorde**
 - 3.1 Die vakadviseur vir LO moet 'n paar antwoordstelle van geselekteerde skole modereer.
 - 3.2 Provinsiale moderering van die AAT vir LO sal vanaf 07 tot 09 Oktober 2019 plaasvind.

4. **Leerders wat op 02 September 2019 afwesig was**

- 4.1 'n Korrekte rekord moet gehou word van alle leerders wat nie die AAT vir LO op 02 September 2019 geskryf het nie.
- 4.2 Leerders wat weens 'n geldige rede nie die AAT vir LO op 02 September 2019 geskryf het nie, sal toegelaat word om die aanvullende AAT vir LO wat vir **02 Oktober 2019** vanaf 09:00 tot 11:00 geskeduleer is, te skryf.
- 4.3 "Geldige redes" in hierdie konteks, sluit die volgende in:
- (a) **siekte**, gestaaf deur 'n geldige mediese sertifikaat wat deur 'n geregistreerde mediese praktisyn uitgereik is;
 - (b) **humanitêre redes**, wat die afsterwe van 'n naaste familielid insluit, en deur 'n afskrif van die doodsertifikaat ondersteun word;
 - (c) **verskyning** van die leerder in 'n **hofverhoor**, wat deur skriftelike bewys gestaaf moet word;
 - (d) **enige ander rede** wat die hoof van die assesseringsliggaam of sy of haar verteenwoordiger as **geldig mag aanvaar**.
- 4.4 Die bewysstukke wat met enige van die bogenoemde geldige redes verband hou, moet op lêer by die skool gehou word en, op versoek, aan Hoofkantoor of die distrik beskikbaar gestel word.

5. **Administrasie van die aanvullende AAT vir LO**

- 5.1 Prinsipale word vriendelik versoek om die nodige reëlings vir die afneem van hierdie assessering te tref, en toe te sien dat hul skool al die voorwaardes en reëls ten opsigte van die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS)-eksamen nakom.
- 5.2 Vraestelle vir die aanvullende AAT vir LO sal slegs aan skole voorsien word wat op 02 September 2019 aangedui het dat leerders afwesig is. Aanvullende vraestelle sal op of voor 02 Oktober 2019 aan skole voorsien word.
- 5.3 Enige navrae oor die skryf van die aanvullende AAT vir LO moet gerig word aan mnr Christiaan Klopper by e-pos Christiaan.Klopper@westerncape.gov.za of per telefoon by 021 467 2407.
- 5.4 Distrikskantore sal nasienriglyne vir die aanvullende AAT vir LO aan skole voorsien. Die distrikskantore sal ook seker maak dat die nasien van die aanvullende vraestelle intern by skole, asook ekstern by die betrokke distrikskantore, nagesien word.
- 5.5 Leerders wat nie die AAT vir LO of die aanvullende AAT vir LO in 2019 skryf nie, sal 'n onvolledige uitslag vir Lewensoriëntering ontvang. Hierdie leerders sal die vak, asook die skoolgebaseerde assessering (SGA) en die AAT vir LO moet herhaal.

6. Bring asseblief hierdie inligting onder die aandag van alle Lewensoriëntering-
onderwysers en -leerders vir graad 12.

GETEKEN: PAD BEETS

ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR

DATUM: 2019-09-20